

## **Van die lessenaar**

### ***Pekelwater word gereguleer – maar is dit regverdig?***

Die maand is oorheers deur die nuwe pekelwater-regulasies. Buiten vir die feit dat dit vól tegniese foute is, gaan dit 'n geweldige negatiewe impak op die plaaslike bedryf hê. Ag, as ons regeringsamptenare tog net die wêreld kon verstaan waarin ons leef! Meer oor die regulasies volg onderaan.

Die probleme van die Eierorganisasie is nou bo aan ons lys. Dit sal hartseer wees indien ons dié organisasie nie kan red van gebrekkige befondsing en lidmaatskap nie.

Paasfees was hopelik 'n geseënde tyd vir julle en jul families.

### ***Pekelwater***

Dit was vroeg in 2006 - kort voordat ek my ampstermyn by die SAPV begin het – dat ons die DvLBV genader het om die regulasies wat verband hou met pluiveeveleis onder die Wet op Landbouprodukstandaarde te hersien. Tien jaar later het hulle uiteindelik hul hersiening van die regulasies gepubliseer. Dit is 'n groot ramp vir ons plaaslike pluimveeveleis-producente, of hulle lede van die SAPV is of nie. Die regulasies, soos nou gepubliseer, dra byna geen spoor van ons verskillende in-diepte voorstelle nie. Dit het tegniese foute, is irrasioneel, onafdwingbaar en 'n aanval op die armes.

Die DvLBV het erken dat hulle glad nie die gevolge van die regulasies op verbruikers, kleinhandelaars en produsente ontleed het nie. Voeg by dié mengsel die feit dat nie een van die redes vir die regulasies geldig is nie – soos beweer word deur ons mededingers en aan wie dit lyk of die DvLBV voorkeurstatus gegee het – begin die prentjie duideliker word.

Die navorsingswerk wat deur 'n oud-DvLDB-personeellid gedoen is waarop die besluite van die DvLBV vermoedelik geskoei is, is nie ontwerp om die vraag wat sy in die titel van haar proefskrif gestel het te beantwoord nie. So ook nie enige van die data uit en weens die navorsing om haar gevolgtrekkinge te bevestig nie. Dié is nie om haar te kritiseer nie, buiten vir haar vooroordeel, maar eerder haar toesighouers en adviseurs. Dit spreek boekdele dat die Landbounavorsingsraad nie die rou data aan ons wou vrystel toe ons besef het dat daar iets verkeerd is met die tesis nie. Hulle het dit net gedoen op die trappe van die hof, by wyse van spreke. Hoe kan 'n mens sinvolle resultate verwag wanneer daar sulke vyandskap teenwoordig is?

Ons sal die regulasies bevraagteken omdat ons 'n stel regulasies wil hê wat kan werk en gebruik kan word om verbruikers die versekering te gee dat hulle kry wat hulle koop. Dit gaan oor meer as net die persentasie pekelwater. Enige produsent met 'n halwe brein, goeie prokureur en rekenmeester kan die regulasies omseil. Dit is nie wenslik nie. Ten slotte spreek dit ook boekdele dat die meegaande persverklaring deur die DvLBV voorstel dat die minister die regulasies kan heroorweeg indien goeie gronde gegee word. Ons het die laaste vier of vyf jaar goeie gronde gegee en dit het blykbaar op dowe ore geval. Selfs al wil die minster nou luister het hy nie die mag om dié foutiewe regulasies sonder verdere raadplegende prosesse te onttrek nie. 'n Mens wonder wie die minister adviseur omdat die belofte om werklik by ons betrokke te wees op niks uitgedraai het.

### ***Eierorganisasie***

Die EO sit met 'n groot dilemma. Tot en met die oplegging van die statutêre heffing, was 'n aansienlike meerderheid van eierprodusente SAPV-lede. Ledetalle was nie soveel soos dié van die

Braaikuikenorganisasie indien op produkvlak gemeet nie, maar dit is deels omdat daar meer eierboere as braaikuikenboere is. Na die heffing verval het die ledetal van die EO verminder en so ook die befondsing. Die nuwe weergawe van die EO het 'n heelwat laer begroting, minder as die helfte van wat in die heffingsperiode bestee is en kry ook nie genoeg fondse in om die organisasie aan die gang te hou nie. Die reserwes van die SAPV word nou gebruik om die EO te ondersteun. Die gebrek aan lede word dalk vererger deur die gebrek aan 'n krisis in die eierbedryf – iets wat die behoefte aan die bestaan van die SAPV duidelik voordelig vir produsente maak. Dit is makliker vir braaikuikenprodusente om die voordele in konteks te plaas. Robin Barnsley en Charlotte Nkuna doen alles in hulle vermoë om die situasie te probeer red, maar hulle kan dit nie sonder julle, die eierprodusente, se ondersteuning doen nie. Sluit gerus by die klub aan; dit het 'n verlede, 'n hede en 'n toekoms waarby julle almal kan baat vind.

Die IEC het hulle Lentevergadering (natuurlik noordelike halfrond) in Pole gehou. 'n Verslag oor die vergadering is elders in die Bulletin gepubliseer en ons kan lesers ook van afskrifte van die verskillende praatjies voorsien. Die werk van die IEC aan voëlgriep blyk doetreffend te wees om gesamentlike regulering- en bedryfsoplossings vir 'n groeiende probleem te vind.

### ***Transformasie***

Ons het verlede maand die pluimveelandskap met ministers Zokwana en Davies bespreek ná die hernuwing van AGOA. Heelwat van die besprekings het rondom transformasie gedraai, omdat ons glo dat die manier waarop die HDI-kwotas binne die AGOA-transaksie aangewys word ons as 'n land in 'n minder as ideale posisie plaas. Ek vind dit moeilik om te glo dat die regering dink gedeeltelike eienaarskap van nuwe invoerders is transformasie. Bestaande invoerders het tog 'n verskeidenheid vaardighede, baie ondervinding en die toepaslike geriewe waartoe nuwe invoerders toegang moet hê indien hulle kan kompeteer. Die dienste kan tog verkoop word sonder die behoefte aan eiendomsbesit. Dit is in elk geval die manier waarop die regering besluit het om dinge te doen en ons sal die transformasie van die invoerbedryf ondersteun, net soos dié van die produksiebedryf – maar daar is ietwat onrustigheid.

Goeie nuus is dat minister Davies meen dat die aanwysing van pluimvee (vleis en eiers) teen die einde van die jaar kan plaasvind. Dit is goeie nuus om te help met die transformasie van die plaaslike bedryf omdat dit 'n mark aan HDI-produsente sal voorsien. Grootte is geen waarborg vir sukses nie soos Daybreak Farms, die eerste groot pluimveemaatskappy in swart besit ondervind. Dit is 'n harde besigheid en al die rolspelers in die verskillende dele van die waardeketting is oorgehaal om voordeel te trek uit enige moontlike swakheid. Baie moet nog gedoen word as ons wil slaag.

Die inisiatief wat deur die Industriële Ontwikkelingskorporasie aangedryf word, met Charlotte Nkuna as die kampvegter om die regering se pluimvee-pogings te koördineer, die DvLBV, sommige van die provinsiale afdelings van Landbou, die dti en die Department van Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, is 'n baie verstandige pad vorentoe. Charlotte het meer oor die onderneming geskryf in 'n artikel elders in die Bulletin.

Die NLB het bevestig dat ons surplusheffing gebruik kan word om 'n voortdurende transformasiefonds te vestig wat ook beleggings van buite kan inbring. Ons hoop om ons aansoek binne die volgende paar maande aan hulle te oorhandig en om so gou moontlik toegang tot die geld te kry.

Omdat ons verwag dat die grootste deel van die werk aan transformasie op provinsiale vlak sal plaasvind, is die vertraging by die Transformasiekomitee om saam te stem oor hóé die strukture moet werk, besig om ons vordering terug te hou. In die stadium het ons verskeie ad-hoc voorstelle, maar dit is moeilik om goed-deurdenkte besluite te neem sonder 'n duidelike plan vir elke provinsie. Die komitee moet die saak so gou as moontlik oplos.

## **Organisasies**

Die Rade van die SAPV en die Pluimvee Bulletin het verlede maand vergader. Die finansiële state is by beide vergaderings aanvaar en goedgekeur en sal in Junie by die opkomende kongres aangeneem word. Die ouditeure het geen probleme uitgewys nie en julle geld is goed beskerm.

Die nuwe grondwet vereis dat die Raad die SAPV-beleggingsbeleid moes heroorweeg en dit is bevestig dat alle beleggings in 'n verskeidenheid instellings in lae risiko geldmarkte geplaas word. Die Raad het ook besluit om ons huidige ouditeure, BDO, vir nog 'n jaar te hou en die besluit sal in Junie by die Kongres ter verkiesing gestel word.

Die Raad oorweeg die ontwikkeling van Facebook en Twitter rekeninge om met die bestuur van die vinnige vloei van kommentaar op sosiale media te help. 'n Onlangse geval waar 'n foto van die produk van 'n plaaslike handelsmerk gebruik is om die gehalte van Amerikaanse hoender te kritiseer is 'n goeie voorbeeld hiervan. Ons moet nog 'n besluit neem oor ons SAPA openbare betrekkinge veldtog. Die rede vir die vertraging het meestal te doen met fondse eerder as met die doel.

Die Raad het sy besluite rondom die toekennings en laaste sake oor die program by AviAfrica afgehandel. Ons is redelik seker dat van die reëls van die organisasies verbeter kan word en dit kan meer gestalte kry gedurende die kongres. Geen wysigings is tot hede voorgestel nie en enige veranderinge sal na die kongres aangebring word.

Die komitee van die Braaiuikenorganisasie het ook verlede maand vergader. Daar is ooreengekom dat 'n braaiuiken kommunikasieplan saamgestel word en 'n voorstel aan alle BO-komitee-lede deurgegee vir hul insette. Die finansies van die BO is soos dié van die EO gestrek en terwyl dit nie so ramсалig as die EO s'n is nie, is dit duidelik dat die algemene negatiewe toestande in die bedryf dit maar moeilik maak vir maatskappye om té ver in die toekoms te kyk.

Die onlangse aankondigings deur Statistiek SA en die NLB dat hoendervleis-pryse heelwat op verbruikersvlak gestyg het skep probleme vir die bedryf. Soos almal weet is dit nie die regte standpunt nie. Pryse is steeds baie laag en die hoofproduk word nog verkoop teen R20 – R21 per kg. Dit beteken dat daar probleme is met die invordering van data wat deur Statistiek SA gebruik word. Ons werk saam met die NLB om agter te kom waar die probleem is sodat 'n oplossing gevind kan word.

## **Handel**

Ons konsultant wat sal help met die opstel van uitvoer-dossiere het begin met die eerste een. Minister Davies het in 'n onlangse vergadering met ons en minister Zokwana erken dat ons politieke ondersteuning nodig gaan hê om deure in die uitvoermarkte oop te maak ná al die papierwerk (telefoongids-dikte dossiere) afgehandel is. Weereens, ons het net 5% van die globale pluimveevleis uitvoermark nodig om die grootste landboud-uitvoerder in Suid-Afrika te wees.

Die EU beplan om Suid-Afrika later vanjaar te besoek en gaan die standarde in die volstruisbedryf evalueer om veilige handel in volstruisvleis te verseker. Dit sluit ons in omdat die twee spesies baie van die siektetoestande deel. In die voorbereidende ontmoeting met die DvLBV het dit duidelik geblyk dat ons moet voortgaan om die skakeling tussen die DvLBV en die twee bedrywe te verbeter. Heelwat van die nodige inligting bestaan in die vereisde formaat en tog bereik dit nie die DvLBV soos wat dit moet nie. Dit moet werk, ook vir ons eie uitvoer inisiatief.

Ons beskermingsaansoek aan die EU gaan voort. Die ondersoek na beskermingsmaatreëls in terme van Artikel 16 van die Handel, Ontwikkeling en Samewerkingsooreenkoms het op 19 Februarie 2016 begin. Die aanvanklike periode vir kommentaar deur belangstellendes is verby. Die SAPV is besig om die reaksie op die kommentaar voor te berei en ook om die inligting tot einde Maart 2016 op te

dateer. 'n Aantal rolspelers sal in Junie mondelinge vertoë rig. Itac sal hierna 'n feitebrief saamstel en alle rolspelers sal 'n beperkte tyd hê om daarop kommentaar te lewer. Daarna sal Itac 'n voorlopige bepaling maak en 'n aanbeveling aan die Minister van Handel en Nywerheid voorlê. Die aanbeveling sal die grondslag vorm vir die saak wat die Departement van Handel en Nywerheid dan met die EU Samewerkingsraad sal opneem. As Itac bevind dat buitengewone omstandighede bestaan kan hulle SARS hierna versoek om voorlopige maatreëls daar te stel. Die maatreëls kan die vorm van 'n vrywaringsreg aanneem. Dit is onwaarskynlik dat die maatreëls voor Oktober 2016 van krag sal wees.

Ons het die tabel wat die werklike vlak van beskerming aanwys wat plaaslike produsente deur tariewe geniet opgedateer. Die gemiddelde vlak van beskerming was 4,26% vir 2015 en vir hoender aan-die-been-porsies 5,03%. Dit is ook opmerklik dat die gemiddelde prys van hoender aan-die-been-porsies van lande buite die EU af meestal dieselfde was toe dit hier aangeland het. Dit beteken dat invoerders weet hoe om met die pryse van hulle afvalprodukte te speel. Niemand kan sê dat ons bedryf streng beskerm word nie. Ons het baie meer beskerming nodig as ons die verwoesting wat storting in ons land meebring wil oorleef.

Invoere was verlede jaar die hoogste ooit en die hoogste ooit van die EU af met 'n totale waarde van R4,5 miljard op VAB vlak. Geen klein sakies dié verkragting van ons bedryf nie. Omdat ek ouer raak kan ek myself herhaal: Vir elke 10 000 ton vleis wat ons invoer verloor ons 1 069 direkte en indirekte werksgeleenthede in Suid-Afrika. Een van die groot produsente het aangekondig dat hulle een van hulle abattoirs gaan toemaak. Dit beteken die verlies van 939 direkte en 1 605 indirekte werksposisies. Dit is nie die storie van 'n positiewe toekoms nie, maar van die wanorde in ons land.

Ons het nie die volle kwartaallikse kwota van Amerika gekry vir die tydperk tot einde Maart 2016 nie, maar dit is waarskynlik weens 'n paar verroeste ratte in 'n ou enjin. Ek dink die volle kwartaallikse kwota sal waarskynlik in die volgende kwota – die April tot Junie kwartaal – inkom. Al die fotos van die produk wat ek gesien het is van blokke bevrore produkte wat nie die beste fisiese kwaliteit het nie en is blykbaar ook nie die verwagte netto gewig in vleisterme nie, maar 'n mengsel van water en hoender. Daar is blykbaar 'n 'shatterpack' produk van Amerika af wat ek nog nie gesien het nie. Die produk sal waarskynlik van 'n hoër gehalte wees. Wat ek gehoor het is dat daar nog geen spore van Salmonella was nie, maar ons sal dit binnekort self monitor om seker te wees dat die bedryf nie in gevaar gestel word nie. Die opsie om die gesondheid- en veiligheidstandaarde wat verswak is weens die opheffing van die AGOA-skorsing uit te daag, is nog oop vir ons.

Dit is interessant om te sien dat die produk minder kos as die EU-produk, soos te verwagte, maar dit word teen 'n hoër prys aan ons verbruikers verkoop as die plaaslike individuele vinnig-gevriesde hoender. Dit is blykbaar nie weens invoerders wat die prys buitengewoon opstoot nie, maar omdat sommige kleinhandelaars dit maklik vind om hul winste te verhoog met deli-tipe verkope eerder as vrieskas-verkope. Wat ookal die rede is dit duidelik 'n leuen dat invoere goed is vir verbruikers. Om meer te betaal is goed vir verbruikers? Dit klink soos die anti-pekkel argument wat die media oorstrom.

In ons vergadering met ministers Davies en Zokwana was dit duidelik dat ons met 'n werkbare voorstel moet opkom vir die pryse van soja-oliekoek en sojabone. Dit is duidelik dat sojabone gaan sukkel om winsgewend te produseer teen uitvoer-pariteitsvlakke, wat ons mikpunt is, en dat die totstandkoming van die kwaliteit meting van soja-vergruisingsaanlegte oorspronklike denke gaan nodig hê. Die aansoek sal gedoen word met die Vereniging van Vervaardigers van Dierevoedsel as die hoofvennoot en ons hoop om later vanjaar die aansoek in te dien.

Die hofsak teen die Namibiese regering is vir die einde van Junie geskeduleer en ons finale dokumente sal waarskynlik ingedien wees voordat julle dié brief lees. Indien ons suksesvol is sal dit ons in staat stel om na ander lande te kyk waar onwettige of onregverdigde beperkings op uitvoere geplaas is.

## **Algemeen**

Die nagevolge van die twee droogtes duur voort en die R4,6 miljard oortollige uitgawe vir die bedryf het geensins verminder nie. Invoer van geelmielies was voldoende en daar is geen probleem met aanbod nie. Voedingspryse beïnvloed baie produsente in die stadium. Hopelik sal die komende seisoen 'n beter oes lewer, maar aan die ander kant hoop ons ook altyd dat die son sal opkom.

Ons voorbereidings vir AviAfrica is meestal klaar en ek beveel lesers aan om na die opgedateerde program op ons webwerf te kyk. Registrasies is meer as teen dié tyd verlede jaar, miskien weens die vroeë-aankope-afslag wat ons aangebied het. Gaan asseblief na ons webwerf as julle nog nie geregistreer het nie of kontak ons kantoor om te registreer.

Ek het aan 'n paneelbespreking by die jaarlikse Trots Suid-Afrikaanse beraad deelgeneem en dit is goed om te sien hoeveel belangstelling daar op korporatiewe vlak is om voorkeur aan plaaslike aankope te gee. Soos julle almal weet skep plaaslike verkope plaaslike werksgeleenthede.

Ek het verlede maand 'n voorlegging aan die hoof uitvoerende beamptes van sommige Brasiliaanse maatskappye gedoen wie Cobb na Suid-Afrika gebring het. Dit was interessant om hulle menings oor pluimveeproduksie in Brasilië en hulle begrip van wêreldwye tendense te hoor.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte